



Interne grieweprocedure vir ouers

As vertrekpunt is dit belangrik dat elke ouer, onderwyser, leerling en OR-lid besef dat die saak van CVO Gromar (sy werking en voortbestaan) groter as hulle self is. Sorg moet gedra word dat die goeie beeld van die skool nie onnodig aangetas word deur verdagmaking en/of deur verspreiding van stories nie. As daar wel van tyd tot tyd probleme voorkom, moet ons dit as Christen-Afrikaner gelowiges binne die skool se strukture en prosesse hanteer sonder om dit binne en/of buite die skool te gaan versprei aan persone of instansies.

CVO Gromar is by uitstek 'n verbondsouerskool en BCVO-lidskool waarin ouers moet deelneem en help bestuur. Dit beteken dat meningsverskille van tyd tot tyd gaan ontstaan oor velerlei aangeleenthede. Dit moet voorkom word dat meningsverskille en ongelukkighede oorgaan in konflik wat die skool kan ontwig en skaad. Gevolglik het CVO Gromar 'n duidelike stel beginsels wat sy grieweprocedure ten grondslag lê.

1. Beginsels wat die raamwerk vorm waarbinne griewe hanteer sal word

- 1.1 Klagtes/griewe moet binne 48 uur (2 skooldae) by die skool aangemeld word. Laat klagtes sal nie hanteer word nie.
- 1.2 Waar probleme tussen kinders ontstaan moet die leidende party eers die probleem by 'n prefek, onderwyser, klasonderwyser of hoof aanmeld, alvorens die leerling dit aan ouers vertel anders is die skool nie bewus van die probleem nie. Leerlinge kan oor nie-aanmelding vermaan word.
- 1.3 Sake wat lankal reeds bevredigend deur die hoof, onderwysers of die Opvoedingsraad hanteer is, kan nie weer opgehaal word nie. Sulke klagtes sal nie hanteer word nie.
- 1.4 Klaers kan nie sake bysleep waarby hul kinders nie direk betrokke was nie, maar eerder deur ander ouers aangemeld moes word.
- 1.5 Geen klagtes wat deur hoorsê getuies gestaaf word, sal ondersoek word nie.
- 1.6 Geen ouer mag kinders anders as hul eie self dissiplineer oor gebeure by die skool nie. Ouers wie hulle aan sulke optrede skuldig maak, stel hulself bloot aan dissiplinêre optrede vanaf die skool.
- 1.7 Skriftelike klagtes mag nie tydens die ondersoekproses verander nie. In so 'n geval sal die oorspronklike klagte geskrap word.
- 1.8 Ouers mag nie partyskappe vorm of ander ouers opsweep nie om hul saak te versterk nie, maar moet dit self aanmeld en dryf.

- 1.9 Die griewe-prosedure en gepaardgaande inligting moet vertroulik hanteer word en vind plaas in 'n gees wat nie in stryd is met die erekode van ouers, Opvoedingsraad, die skoolhoof en onderwysers nie.
- 1.10 Geen boodskappe aan die hoof of onderwyser sal deur 'n ouer in sy kind se handboek of werkboek geskryf word nie. So 'n ouer stel hom bloot aan dissiplinêre optrede deur die skool.

2. Griewe-prosedure

1. Ouers moet eerstens hul grief wat handel oor skoolsake (akademie, dissipline, bestuur en gebeurtenisse by die skool) in persoon verbaal aanmeld by die hoof. Daar mag onder geen omstandighede in skooltyd in 'n onderwyser se klas ingestap word om griewe te bespreek nie.
 2. Dit moet geskied deur 'n formele afspraak telefonies met die hoof te maak wat nie inbreuk maak op sy klastyd nie. Sou die grief gaan oor handeling van die hoof kan dit by die voorsitter van die Opvoedingsraad aangemeld word wat dan die hoof se optrede sal volg soos in punt 3-11 uiteengesit.
 3. Die gesprek vind in kamera plaas en die hoof volg die saak op deur met alle betrokkenes te praat.
 4. 'n Tweede gesprek vind plaas tussen die klaer en die hoof, waar die hoof sy bevindinge/oplossing aan die ouer stel.
 5. Sou die hoof voel dat hy nie die saak kan op los nie, kan hy dit na die Opvoedingsraad verwys vir verdere hantering.
- OF
6. Indien die ouer/s voel dat sy klagte nie deur die hoof opgelos is nie, kan hy/sy hul klagte formeel op skrif stel en aan die skool se Opvoedingsraad stuur.
 7. Die klag moet dan in 'n spesifieke formaat wees en die volgende inligting moet daarin vervat wees:
 - 7.1 Datum en tyd waarop "verkeerde" handeling plaasgevind het
 - 7.2 Die "verkeerde" handeling self
 - 7.3 Waar die "verkeerde" handeling plaasgevind het
 - 7.4 Die onderwyser/ouer/leerling se naam wat die "verkeerde" handeling uitgevoer het.
 - 7.5 Die leerling/ouer/onderwyser se naam wat die leidende party was.
 - 7.6 Getuies moet in naam vermeld word. Dit mag nie hoorsê getuienis wees nie, maar slegs sake wat eerstehands deur getuies gade geslaan is.

Sien onderstaande voorbeeld van die formaat van so 'n klagte.

Aanklag 1: Aanranding van my kind deur 'n onderwyser

Op 16 Maart 2007 om 10h00 het mnr. **Koos van der Merwe** my kind **Koos van der Westhuizen** in die **Engelse klas geklap** sonder dat daar provokasie vanaf my kind se kant was. Getuies wat die klap gesien het is **Piet Botha, Sannie Nel en Danie Bok.**

8. Die skriftelike klagte sal dan in die skoolkantoor in die klagteregister aangeteken word, waarop die sekretaresse die datum waarop die klagte ontvang is aanteken, sowel as 'n ontvangserkenning aan die klaer stuur.
9. Die Opvoedingsraad sal dan ook 'n kopie van hierdie skrywe aan die aangeklaagde gee, waarop hy/sy ook skriftelik moet antwoord deur dieselfde formaat te gebruik as in punt 6 hierbo.
10. Die Opvoedingsraad sal dan na alle kante van die saak luister in 'n vergadering voordat hy optree of 'n beslissing maak. Partye betrokke by die klagtes soos geformuleer in punt 6 hierbo kan gesamentlik of individueel aangehoor word deur die Opvoedingsraad. Getuies mag ook ingeroep en ondervra word om sake te verifieer. Sulke getuies kan ook ingesweer word. Geen Opvoedingsraadlid wie se gade/kinders/direkte familie betrokke is by die klagte (klaer/aangeklaagde/getuie) mag deel van die Opvoedingsraad se beslissing wees nie. Die vergadering moet verkieslik op band vasgelê word.
11. Die Opvoedingsraad se beslissing sal skriftelik binne 7 dae aan die betrokke partye verskaf word nadat alle partye aangehoor is.
12. Sou die klaer nog steeds ontevrede wees met die Opvoedingsraad se beslissing, kan hy binne 7 dae na die Opvoedingsraad se beslissing appel aanteken teen die beslissing by BCVO se dagbestuur. Die BCVO-Dagbestuur sal die feite bestudeer en hul adviserende uitspraak per skriftelike verslag aan CVO Gromar se Opvoedingsraad beskikbaar maak. Die Opvoedingsraad sal dan binne 7 dae na ontvangs 'n finale beslissing maak.

VADER VOORLETTERS EN VAN: _____

HANDTEKENING VADER: _____

MOEDER VOORLETTERS EN VAN: _____

HANDTEKENING MOEDER: _____

DATUM: _____